**Skriflesing Kolossense 1 vers 12 - 23**
**Tema Christus is nie soos Eskom nie**

Ons het 'n week gelede sleg deurgeloop onder die gevolge van fase 4 beurtkrag. Op allerlei maniere het ons uit die duisternis probeer kom. Party van ons het kragopwekkers of sonkrag ingespan. Daar is ook gebruik gemaak van verskillende ligte wat met batterye werk. Ander van ons het die vlamme van gas, kerse of lampies gebruik. En dit was elke keer lekker as die krag weer aankom.

In die gemeente van Kolossense was dwaalleraars wat verkondig het dat Christus alleen nie genoeg is nie. In vandag se taal sou hulle sê dat Hy soos Eskom is. Hulle het geleer dat Christus nie die enigste manier is om by God uit te kom nie. Sy lig is nie voldoende nie. Die gemeente het ander maniere om by God uit te kom, ander liggies ook nodig. Liggies soos ander geeste of magte wat kan help. Party dwaallerraars moedig die gemeente aan om engele te aanbid. Vir ander is baie kennis en insig belangrik. Ander dwaalleraars weer leer dat die gemeente by sekere baie streng godsdienstige reëls moet hou. Hulle moet sekere feeste hou of sekere kos eet. Of hulle kan deur afsondering die geeste en magte in die lug omkoop om by God uit te kom.

Die dwaalleer dat Christus alleen nie genoeg is nie bestaan steeds vandag. Dit kan selfs gebeur dat ons, sonder dat ons daarvan bewus is, Christus plus nog iets of iemand anders aanbid. Hier is 'n paar voorbeelde van waar Christus alleen nie genoeg is nie:
- sommige mense soek na 'n buite-Bybelse nuwe, hoër geloofskennis wat nie voorheen ontdek is nie. Ander fokus net op positiewe denke. Daarom is baie boeke beskikbaar oor hoe jy jouself kan beter maak. Sonder Christus kan geen mens hom-/haarself beter maak nie.
- Ander is altyd op soek na die "nuwe groot ding" in die kerk of is behep met sekere godsdienstige leiers. Dit is nie 'n nuwe ding nie. Ons sien in 1 Korintiërs 3 dat dit al in Paulus se tyd gebeur het.
- Sommige van ons is altyd op soek na wonders, visioene en openbarings.
- Ander fokus op reëls, rituele en gewoontes wat dieper geestelike ervarings belowe. Goeie goed soos vas, afsondering of deurnag gebed kan maklik 'n plus raak wat saam met Christus gedoen moet word.

Baie van die goed hierbo genoem is nie verkeerd as deel van ons aanbidding van die Here nie. Dit raak verkeerd wanneer ons dink dat ons dit ook moet doen om verlos te word. Dan is Christus alleen nie meer vir ons genoeg nie.

Paulus stel dit baie duidelik dat Christus die enigste ware Hoof van die kerk, wêreld en skepping is. Hy is die enigste Middelaar en Verlosser. Hy is die enigste manier om by God uit te kom. Sy lig, Sy verlossingswerk is genoeg. Ons het het niks meer nodig nie.

Wat op Golgota gebeur het, was 'n eenmalige, voldoende en onherroeplike saak wat die ganse skepping, geskiedenis en alle mense beslissend raak. Christus Jesus, het oor die mag van duisternis getriomfeer en die heerskappy van die ganse skepping finaal oorgeneem.

Al hierdie goed het nie sommerso gebeur nie. Christus het die hoogste prys betaal. Dit het Hom Sy bloed gekos wat aan die kruis gevloei het. Sy liggaam is gebreek. By die kruis het die beslissende veldslag teen die bose plaasgevind en die Here het triomfeer.

Hier en daar is daar vandag nog kleiner gevegte teen die bose, maar die uitslag is seker: die oorwinning is vir ons behaal.  Ons lees daarvan in die volgende verse:
Kolossense 1 vers 13-14: [13]Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. [14]Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes.
Kolossense 1 vers 20: (God het besluit) om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.
Kolossense 1 vers 21 – 22: [21]Ook julle was voorheen ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, soos blyk uit julle sondige lewenswyse. [22]Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel.

Ons is verlos. Ons sonde is vergewe. Deur die bloed van Christus is die vrede tussen God en mense en tussen mense onderling herstel.

Ons lees in Kolossense 1 vers 20-22 drie maal dat ons deur Christus met God versoen is. Ons sonde het die orde soos God dit daar gestel het en alle verhoudinge versteur. Versoen beteken om in die regte verhouding te sit. Christus het alles weer in die regte verhouding met God geplaas. Ons verhouding met God en met mekaar is herstel. Versoening is nie 'n politieke term nie. Dit is wat Christus kom doen het. In Hom staan mense in 'n nuwe verhouding met mekaar - 'n verhouding wat nie deur afkoms, taal, kultuur of politieke affiliasie bepaal word nie.

As aangeklagtes in die hof was ons aan sonde skuldig bevind. Ons straf was die dood. Christus het ons skuld op Hom geneem. Hy het ons straf gedra en is in ons plek dood. Alles wat in ons klagstaat opgeteken is en waaraan ons skuldig bevind is, is skoongevee deur Christus. Nou is ons geheilig, sonder smet en onberispelik voor God. So verander die kruis ons lewens onherroeplik. Vanuit die lig van die kruis, kom ons gaan leef 'n lewe van mense wat vergewe is, wat vrede het en wat versoen is met Hom en met mekaar. Kom ons gaan leef 'n heilige lewe, sonder smet en onberispelik voor Hom.  Christus maak hierdie lewe in elkeen van ons 'n werklikheid.

Daar is 'n klomp donker rondom ons en steeds ook in ons. Die enigste lig is Jesus Christus. Daar is geen ander lig nie. Ons het geen ander lig nodig nie. Bly vas en sterk staan in geloof in Christus. Hy laat ons leef in Sy lig en by Hom is geen kragonder-brekings nie.
**Amen**